

Die kerk na COVID

1 Pet. 2:11-17 - Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe. ¹²Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle **voorbeeldige lewe kan sien** en God kan verheerlik op die dag van afrekening. ¹³Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is ¹⁴of die goewerneys as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys. ¹⁵Dit is die wil van God dat julle **deur goed te doen**, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. ¹⁶Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om *kwaad te doen* nie. Gebruik dit om God te dien. ¹⁷Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

1 Petrus 2:11 bepleit nie dat gelowiges hulle van die *samelewing* moet onttrek nie, maar eerder van *sonde* (die doen van kwaad). Hulle goeie dade moes juis deur ander gesien word. Daarom moes hulle in sowel die openbare (2:13-17) as die private sfer (2:18-3:7) aantreklik leef.

"Hulle bewoon hulle eie vaderlande, maar tog as bywoners; hulle doen hulle deel in alles soos burgers, en tog beleef hulle alles as vreemdelinge; elke vreemde land is vir hulle 'n vaderland, en elke vaderland vir hulle vreemd; hulle trou soos almal en kry kinders soos almal, maar gooi nie hulle kinders weg nie. Hulle deel 'n gemeenskaplike maaltyd, maar nie die huweliksbed nie. Hulle bevind hulleself in die vlees, maar leef nie volgens die vlees nie. Hulle leef op aarde, maar hulle burgerskap is in die hemel. Hulle gehoorsaam die neergelegde wette, maar oortref die wette deur hulle eie lewenswyse. Hulle het alle mense lief, en tog word hulle deur almal vervolg." (*Diognetusbrief* 5: 5-11).

1. Wat het verander vir die kerk?

- Dit is byna onmoontlik om die vraag te antwoord.
- Ons vermoed sekere veranderings wat reeds aan die gebeur was, is versnel (bv. skuif van druk na digitale media, toename in internet aankope, benutting van aanlyn onderrig ens.).



Doorkijkkerk in Bergloon Vlaandere
(Gijs Van Vaerenbergh)

- Ons vrees: Het mense finaal opgegee op die kerk?
- Ons vraag: Is dit nie goed vir “die kerk” om te verswak nie?

2. Dalk moet ons 'n ander vraag vra: *Wat het dieselfde gebly*

- Jeff Bezos se vraag oor Amazon – *wat sal mense altyd nodig hê?*
- Wat bly altyd dieselfde? God *en* die menslike kondisie.

- Wat is die wesensvrae, wat 'n nuwe religie sal moet kan beantwoord? Waarmee mense worstel rakende die **menslike kondisie** (Roberto Unger)?

Ons *sterflikheid* (Death). Die dood is 'n werklikheid vir almal.

Ons *onversadigheid* (Insatiability). Ons almal soek iets (goed, ervarings of mense) meer.

Ons *begrensdheid* (Groundlessness). Ons is deel van 'n verhaal waarvan ons nie die begin en einde ken nie.

Ons *beperktheid* (Belittlement). Ons voel nooit goed genoeg nie.

(Unger, 2014:1-35)

- Die pandemie het al vier aspekte van die menslike kondisie opnuut in fokus gebring.

3. Die kerk was nog altyd 'n baken van hoop wanneer dit in broosheid handel

- Dit was die vermoë van die evangelie wat die kerk verkondig om die vrae oor die menslike kondisie sinvol te beantwoord wat daartoe aanleiding gegee het dat dit al die antieke gode verteer het.

Die Evangelie antwoord op:

Ons sterflikheid. Die geloof in en hoop op die Opstanding.

Ons onversadigheid. Versoening met God, ander, jouself en die skepping.

Ons begrensdheid. Die herstel van die skepping.

Ons beperktheid. Vergifnis en genade.

Wat was die **gronde** hiervoor?

Die opstanding van Jesus.

Die versoening deur Jesus.

Die wederkoms van Jesus.

Die vergifnis van Jesus.

Opstanding: 1 Korintiërs 15:12-14 - As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie? **As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie.** En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud.

Versoening: Galasiërs 3:28 - Dit maak nie saak of iemand **Jood** of **Griek**, **slaaf** of **vry**, **man** of **vrou** is nie: **in Christus Jesus is julle almal één.**

Wederkoms: Lukas 21:25-28 - “Daar sal tekens wees aan son, maan en sterre. Op aarde sal daar radeloosheid onder die volke wees uit angs vir die gebulder van die see en sy vloedgolwe. Die mense sal beswyk van vrees en spanning oor die dinge wat oor die hele wêreld aan die kom is, want die kragte van die hemelruim sal ontwig word. En dan sal hulle **die Seun van die mens** met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom. As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.”

Vergifnis: Kolossense 3:13 - Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. **Soos die Here julle vergewe het**, moet julle mekaar ook vergewe.

- C.S. Lewis se bekende woorde oor *first and second things*. Jy kan tweede orde dinge alleen kry as jy die eerste orde dinge eerste stel. Bv. vreugde volg op die doen van die goeie. As jy dit as 'n eerste ding najaag sal jy dit nooit kry nie. Om 'n goeie buurman te wees kom eerste en dan vriendskappe. *Die eerste ding vir die kerk is om die evangelie te ontdek en nie om aan die handelsmerk van die kerk te werk nie.*

4. Watter houding moet die kerk inneem?

Gabe Lyons – *The next Christians: the good news about the end of Christian America* (2010)

Provoked, not offended
Creators, not critics
Called, not employed
Grounded, not distracted
In Community, not alone
Countercultural, not relevant

5. Wat het reeds ontluik?

- Nuwe moontlikhede vir bedienaars van die Woord

Tentmakers (Herders)
Diensleraars / 2de loopbaan
Ouderlinge met bevoegdheid
Voltydse leraars – nuwe rol? (Biskoppe / opsieners)

- Nuwe moontlikhede vir gemeentes

Van geografies afgegrens na oop grense (1994? tot nou)
Ankergemeentes met groeipunte
Strategiese gesprekke oor volhoubare gemeentes (spesifiek die benutting van bronne sonder om zombie gemeentes te skep)
Gemeentes wat die behoeftes van die stad / gemeenskap dien.

Bronnelys

Lyons, G. 2010. *The next Christians: the good news about the end of Christian America*. New York: Doubleday Religion.

Unger, R.M. 2014. *The religion of the future*.